# Spanner



## May / Mei 2015

## Newsletter - Nuusbrief

www.scocc.co.za



HOUSE OF CLASSIC & SPORTS CARS

**70, Main Road (N2) Knysna**
**Sales 082 566 7897 / 081 325 1507**
**Workshop 081 313 5656**
**Admin. 044-382 1000**
**Email: info@hocasc.co.za**
**Website: www.hocasc.co.za**

# *NEWSLETTER #10*
## *April, 2015*



The past few months have been extremely busy for everyone at House of Classic & Sports Cars.

On 14/15 February, the Southern Cape Old Car Club held their very popular, annual George Old Car Show where some 900 vehicles of all makes, shapes and sizes were on display to enthusiasts numbering some 11 000 people. This show is fast becoming the most popular Car Show in South Africa and a huge amount of work and effort was put into it to make it the success that it was.

As in 2014, the weather threatened to put a damper on the show, but, again, the rain of the previous day and night cleared up mid-morning. By 10.00 a.m., all that remained was occasional light drizzle and overcast skies which provided a welcome relief from the hot weather sometimes experienced at outdoor events.

Besides the life-sized cars and other motor vehicles on display, a huge collection of model cars and vehicles were on offer to view or to buy. A comprehensive display of stationary engines and tractors was also set up which attracted much interest. Then, there were various craft stalls for those looking for gifts or unusual items for themselves while food and refreshment stalls abounded, with gastronomic delights to suit any pallet.

The dialogue by the MC was interesting as there was a constant flow of information on the vehicles being paraded around the arena with interviews coming from the very proud owners. Entertainment was provided by a number of singers including well-known, Tommy Dell, and Len Ward who has made his mark by compiling and singing his own amusing and poignant songs about various old motor cars!



**A highlight of the day on Saturday, 14th February** was the House of Classic & Sports Cars' auction of classic, vintage and sports cars. 18 cars and bakkies were on offer as well as 2 motorcycles. Offers were received on all the vehicles and motorcycles, but some were far below the reserve prices asked by the sellers. Eventually, after negotiation between HOCASC, the sellers and prospective buyers, 6 cars and 2 motorcycles were sold, namely – 1965 Ford 250 Pick-up, 1964 Volvo 164 LDV (Conversion), 1959 Rover P5, 1965 Pontiac Parisienne, 1980 MGA Roadster, 1969 Rolls Royce Silver Shadow, 1960 Triumph T100 motorcycle and 1957 DKW motorcycle.

As per their auction policy, House of Classic & Sports Cars was proud to donate the full 6% Buyer's Premium (Auctioneer's Commission) of just over R31 000 to the Southern Cape Old Car Club for onward donation to charities of their choice.

# Suid-Kaap Oumotorklub
# Southern Cape Old Car Club

**Website: www.scocc.co.za ● Fax: (086) 626-5210**
**P.O. Box 1749, George, 6530**

| | | |
|---|---|---|
| **2015 COMMITTEE:** | | |
| **Chairman** | Pierre Olivier | (082) 872-6456 |
| **Vice Chairman** | Mike Alexander | (082) 495-4780 |
| **Secretary** | Krige Bolton | (082) 475-7855 |
| **Treasurer** | Chris van Staden | (082) 491-5254 |
| **Clubhouse / Regalia** | Pierre Conradie | (082) 576-7587 |
| **Events Co-ordinator** | Gerhard Hoepfner | (082) 566-2775 |
| **Events Assist** | Clay Whittle | (074) 199-6499 |
| **Indemnitys & Membership** | Mike Alexander | (082) 495-4780 |
| **Dating Officer** | Andrew Boshoff | (071) 892-3949 |
| **George Old Car Show** | Vacant | |
| **Media/Website/ Spanner Magazine** | Jenny Rademan | (082) 472-6066 |
| **COUNTRY REPRESENTATIVES:** | | |
| **Knysna** | Manie Rademeyer | (044) 382-4538 |
| **Oudtshoorn / Prince Albert** | Jeremy Witts-Hewinson | (082) 488-8370 |
| **Beaufort West** | Brian Zechlin | (023) 414-3542 |
| **Heidelberg / Riversdal** | Gawie Breytenbach | (082) 661-6710 |
| **Mossel Bay** | Kobus Harris | (082) 453-1497 |
| **Victoria West / Loxton** | Danie Swart | (082) 857-4003 |
| **Insurance ( SAVVA / FNB )** | Glenn Broadhurst | (087) 736-2222 |

**SCOCC Banking Details:**

| | | |
|---|---|---|
| **Subscriptions** | : | **R 150.00** per year, plus a once-off R200.00 joining fee. |
| **Account Name** | : | Southern Cape Old Car Club |
| **Bank** | : | ABSA George |
| **Branch Code** | : | 630114 |
| **Account Number** | : | 890 167 551 - Cheque Account |

Regular gatherings are held at the clubhouse "Tipple & Torque" at Glenwood House School, as per the Upcoming Events as listed in this magazine. All visitors are welcome. The opinions expressed in Spanner do not necessarily reflect the views of the club committee, the editor, club members and officers of SAVVA or advertisers in this magazine.

# Uit die Voorsitters Stoel

Na die nuutste skommelinge in die SKOMK-komitee, wil ek net baie dankie sê aan die vier komiteelede wat bedank het en in die besonder die leierskap van Karen, jul insette en bydraes was van groot belang tot die vooruitgang van die klub en word opreg waardeer.

Soos dit nou maar is, moet ons vorentoe beweeg en maak ek staat op die huidige komitee en al die klublede se ondersteuning om die SKOMK se beeld uit te bou. Ek wil ook benadruk dat die resultaat van suksesvolle bestuur van 'n klub, is die insette en bydraes van al die lede.

Baie dankie aan Kobus Harris en Mike Alexander vir jul leidende rolle om nuwe komiteelede in die onderskeie vakante posisies aan te stel. Ek verwelkom dan ook vir Pierre Conradie, Clay Whittal en Jenny Rademan, as nuwe komiteelede op die SKOMK komitee.

Die 2015 Liquorland Erfenistoer gaan voort en ons is hard besig met die reelings, daarom wil ek almal bedank wat betrokke was met die 2015 Liquorland erfenistoerdans fondsinsameling, en in die besonder ons borge, die manne wat gebraai het en die vier vroue wat alles gereël en gedoen het om die aand 'n sukses te maak. Anita Wright, Amanda Stander, Alet Lingenfelder en Tilly Olivier, baie dankie vir jul onbaatsugtige hulp gedurende die aand. Ons kon darem 'n lekker ontbyt met die oorbly kos geniet nadat die saal die volgende oggend skoongemaak was.

My dank aan Jannie Stander wat ook n leidende rol gespeel het in die sukses van die aand en die opruiming en skoonmaak van die saal die volgende oggend.

Lede, Frank en Susan Erskine, asook Richard en Bertha Laubscher het al die pad van Kaapstad gereis om die byeenkoms by te woon. Baie dankie ook vir jul ondersteuning en geselskap. Ons waardeer die moeite wat julle gemaak het om dit met ons te geniet.

Motorklub groete,

*Pierre Olivier*

**CAW 28077**

# A word from the Editor

## Jenny Rademan



Soms vind mens dinge wat oor jou pad kom, wat jy self nie eers verwag of verstaan nie. Soos die dag toe Pierre Olivier my gekontak het, en ek nie seker was waaroor nie. Hy vra my toe hoe getrou ek aan die Suid-Kaap Oumotorklub is. Ek met ‘n groot glimlag gesê dat dit deel van my is. Hy oorhandig toe my lidmaatskapbalkie en bied my toe die geleentheid om betrokke te raak.

Wow! Groot was my verbasing. Vir die laaste vyf jaar, wanneer die George Oumotorskou nader, voel ek soos ‘n opgewonde klein dogtertjie, net om weer met die mense te kan werk met die groot harte. Dis vir my ‘n groot voorreg om deel te kan wees van die Suid-Kaap Oumotorklub. Hiermee bedank ek almal by die klub vir hierdie voorreg en geleentheid. Julle kan verseker wees dat ek soos gewoonlik my kant sal bring.

Ek stel myself hiermee bekend aan die wat my dalk nie ken of onthou nie. Ek is vir die afgelope paar jaar betrokke by die bemarking van die Oumotorskou, die verspreiding van die Skouprogram en selfs met die verkoop van die uitstalruimtes.

Die uitstallers ken my alreeds verskeie jare en agter die skerms was ek al lankal deel van hierdie uitsonderlike jaarlikse gebeurtenis.

Ek vertrou dat my insette positief sal wees en dat ons saam meer sal bereik.

**A word from the Editor**

Sometimes you find things that come your way, that you do not even expect or understand. Like the day when Pierre Olivier contacted me, and I was not sure why. He inquired about my commitment to the Southern Cape Old Car Club. I reacted with a big smile, and replied that it is part of me.

He handed me my club membership badge and offered me the opportunity to get involved. Wow! Great was my surprise.

For the last five years, when it was time for the George Old Car Show, I felt like an excited little girl, just to be able to work again with people with the big hearts. It is a great privilege to be part of the Southern Cape Old Car Club. I hereby thank everyone in the club for this privilege and opportunity. You can be assured that as usual, I will bring my part.

I hereby introduce myself to those that may not know or remember me. For the past few years I was involved in the marketing of the Old Motor Show, the distribution of the Show Program and even the sale of the exhibition spaces.

The exhibitors already know me several years and behind the scenes I was part of this extraordinary annual event for a long time.

I trust that my input will be positive and together we will achieve more.

*Jenny Rademan*
Redakteur / Editor



# Upcoming Events

**31 May 2015** - Bonnets up - Klubhuis 12:00

**16 Junie 2015** - Sop en Brood aand - Klubhuis 19:00

**28 Junie 2015** - Bonnets up - Klubhuis 12:00

**11 Julie 2015** - Middag ete by Witsand - Gawie Breytenbach

**15 Julie 2015** - Garage aand by Andre Fourie

**18 Julie 2015** - Potjiekos – Klubhuis

**26 Julie 2015** - Bonnets up - Klubhuis 12:00

***If you need any further information regarding any event, please call Gerhard Hoepfner on (082) 566-2775. Events are also constantly updated on the web site: www.scocc.co.za***



# Birthdays

| MAY | |
|---|---|
| Gerald Coetzee | 3rd May |
| Trevor Dumbleton | 3rd May |
| Rod Light | 3rd May |
| Jan Strydom | 3rd May |
| Tertius Conradie | 4th May |
| Jurgens Fourie | 5th May |
| Desire Lund | 6th May |
| Rita Hattingh | 7th May |
| Suzette Meyer | 7th May |
| Dawie Koch | 8th May |
| Jeanette Ellis | 8th May |
| Jacqueline Boshoff | 9th May |
| Frans Truter | 12th May |
| Ria Kasselman | 14th May |
| Francios Smit | 14th May |
| Tilly Reitz | 16th May |
| Phillip Steenkamp | 18th May |
| Arno Bruwer | 18th May |
| Peet Botha | 19th May |
| Mike Roumanoff | 19th May |
| Hugo Torr | 19th May |
| Doritha Grundling | 20th May |
| Stephne' van der Vyver | 20th May |
| Seam Grassow | 21st May |
| Mike Mellon | 21st May |
| Anita Harris | 21st May |
| Johan Klue | 22nd May |
| Waldo Scribante | 22nd May |
| Susan  Alexander | 23rd May |
| Gerrard Hoek | 24th May |
| Joan Ann Watson | 24th May |
| Riaan Meyer | 24th May |
| Marlene Lamprecht | 25th May |
| Anita Wright | 25th May |
| Ben van der Merwe | 27th May |
| Stephen Keyser | 27th May |
| Nellie Chemaly | 28th May |
| Marilyn Houseman | 28th May |
| Rene Jonker | 29th May |
| Jan Enslin | 30th May |
| Johan Nel | 31st May |

| JUNE | |
|---|---|
| Christof Olivier | 2nd June |
| Thea Kuyler | 2nd June |
| Bruce Napier | 3rd June |
| Willie van der Merwe | 5th June |
| Nita Zechlin | 5th June |
| Dave Price | 6th June |
| Sias Koen | 7th June |
| Christo Geldenhuys | 9th June |
| Evert Janse van Rensburg | 9th June |
| Sybrand van der Spuy | 9th June |
| Joy Fourie | 9th June |
| Wilna Brand | 10th June |
| Brenda Strydom | 10th June |
| Cronjé Hanekom | 10th June |
| Johan Spies | 11th June |
| Juliza Nel | 13th June |
| Mel Wake | 14th June |
| Koos Alberts | 14th June |
| Stuart Cox | 15th June |
| Elsie Reuvers | 16th June |
| Richard Laubscher | 18th June |
| Ben Tamsen | 18th June |
| Hennie v d Walt | 22nd June |
| Wikus Terblanche | 23rd June |
| At Weyers | 23rd June |
| Jacob Louw | 24th June |
| Daniel Niewenhuis | 24th June |
| Rudolf Peda | 28th June |
| Desere Schoeman | 28th June |
| Johanna Lamprecht | 30th June |
| Ornella Iacopini | 30th June |
| Henta Engelbrecht | 30th June |



# Wel en Weë

We wish Manie Rademeyer, Knysna Country Representative, a speedy recovery, your positivity is an inspiration to us all.

*If you know of someone who is unwell or who is perhaps going through a rough patch, or if someone has happy news, please let me know so that I can announce it in the newsletters and members can then contact or visit them. - spanner@scocc.co.za.*

# New Members

**A very big SCOCC WELCOME to the following members that have joined our ranks since the last Spanner. May you spend many happy hours AND MILES together with us.**

- Graham & Phoebe Botha
- Donald & Julie Goldfain
- Magretha & Calvyn Vlok
- Chris & Bentjie Langeveld
- Theo & Tracy Nel
- Cliff & Martha Daines
- Muller & Mienke Strydom

# Spanner by Email

Due to the fact that our post office is sadly not as reliable as in the past, we are considering sending the Spanner out via email to whoever would prefer to receive their copy in this manner. If so, please can you send an email to info@scocc.co.za including, your name and membership number so that we can enter you onto the email list. If you would prefer to keep things the way they are, no problem, just ignore the above and your copy of the Spanner will still be sent to you via regular mail.

# Veteraan-Motor Saamtrek

## Deur Danie Schmidt

Op Saterdag, 21 Maart was daar 'n veteraan-motor saamtrek op Victoria-Wes. Soos gewoonlik kon eienaars van omliggende dorpe kom saamspog met hul pragtige gerestoureerde voertuie.



Hierdie jaar was ons ook bevoorreg om T.Y. Terblance van Pieremaritzburg met sy 1915 Cadillac te ontvang, asook Mauritz Meintjies van Bonnievale met sy bloedrooi 1928 Chev.



Die Lykswa, 1928 Chev met 3600 myl op meter en oorspronklike bande, het soos altyd groot belangstelling getrek.

Uiteindelik, na driejaar se hardewerk, kon Danie Swart sy 1950 Chevrolet ten toonstel. Dit was sy pa se bakkie, en hy en sy broer Piet het wonderlike herinneringe uit hul kinderdae van die bakkie. Soos die keer toe hy, Piet en ou Kneg agter in ‘n tuisgemaakte kappie gesit het – dit het later ‘n pophuis vir Bessie (hul suster) geword!



Wat ‘n aangename verrassing was dit nie vir die lede van die Mercedez toergroep, toe hulle die dorp binnery en al die ou voertuie sien nie. Beslis ‘n hoogtepunt op hul toer en hulle het omtrent weggelê aan die heerlike pannekoek en poeding wat deur die dames van die ACVV ten bate van Huis Frieda Kempen verkoop was.  Braaipakke en roosterkoek het ook groot byval gevind en daar is tussendeur heerlik gekuier en gesels langs die braaivleis vuur.

**Volgende jaar maak ons weer so!**

FNB INSURANCE BROKERS

Specialising in Vintage & Veteran Car Insurance together with personal and business insurances

CONTACT GLENN BROADHURST or MADELENE WIESE

tel: 087 736 2222 fax: 011 699 0783 email: madelene.wiese@fnb.co.za

an authorised financial services provider

# Old Car Show - Victoria West

**By Ty Terblanche**

In a previous Newsletter, an appeal had been published for Members to support the effort by Danie Swart to stage another Victoria West Old car show during the third weekend of March.

Being perhaps a little mad, and after having completed a 3000 km round trip to the George Motor Show from KZN, I telephoned Danie and said that I would very much like to support him, and that I would bring the Cadillac on the trailer again.

So another 2000 kms round trip took place, but for my part, it was so very much worth it. To be able to interact with different people in such a special environment and in the stark beauty of the Karoo and Northern Cape. was for a KZN rooinek, a pleasure to remember for a long time.



The truly sad part was the little support Danie received from the many owners of old vehicles who where within a few hours drive, but who didn't show up. Never mind Danie, fasbyt  pal - as you told me you WILL persevere with your efforts, and you will, I am sure, be rewarded with the eventual satisfaction of this.

Danie Swart's wonderful newly restored 1950 Chevrolet bakkie – I believe on its first outing.



It was driven from the farm near Loxton in the early hours of Saturday morning to take up its position in the lineup, and was parked next to a few of Danie's mopeds as well.

The Mercedes-Benz Club had coordinated a stop at the show on their way completing their Karoo Crossing 111, via Oudtshoorn, Cradock, Britstown and Sutherland, and descended on mass around the Cadillac to see, and hear, the wonders of the single cylinder motor, puff, puffing away.

The church ladies worked like mad, providing pancakes and other goodies and real Karoo lamb braai packs were available for lunch.

I never knew the town could be so windy – it even blew my large umbrella out of the baked earth after I had made a hole with a hammer and steel pole to hold it in!




My absolute favourite was the totally original and completely unmolested 1928 Chevrolet "International" hearse owned by the Dusch Reform Church, and which when it drove up, was quieter than many new cars! I was really amused by the comment from the driver, apologising that it had a small oil leak!!

And by the way – the mileage? Just 3465 miles !!

**SIEN JULLE VOLGENDE JAAR!!!!**

# 2015 Erfenistoerdans Fondsinsameling

## Deur Bertha Laubscher

Die Erfnistoer is ‘n wonderlike geleentheid wat ook ‘n wonderlike ‘budget’ het, daarom het Pierre & Tilly dit goed gedink om ‘n dans te reel ter stuiwing van die fonds. Dit het op die 28 Maart 2015, in die Boeresaal plaasgevind.

Gelukkig het hulle ‘n gedugte span helpers wat die taak veel makliker vir hulle maak. Alet het ‘n broodtafel voorgesit wat skrik vir niks en Anita het baie moeite gedoen om slaaie te maak. Amanda het die tafels versier. In my wildste drome sou ek nie kon dink dat geroeste sinkplaat en growwe sout so opgedollie kon word nie. Wel gedaan dames. Dit is ‘n puik venue: verskeie braaiers kon gelyktydig braai en dan was daar nog twee potte ook gemaak. Tipies Boer was daar ‘n oormaat van vleis en wors en tipies stoutgAT weet ek dan nou dat Tilly vir haar man pienk onderklere koop.

Om die dansers ‘n blaaskans te gee, het Pierre geskenke aan sy helpers gegee asook gelukkige trekkings. Hy het ook die verskillende borge bedank: Liquorland is weereens die hoofborg. Ander borge sluit in die Stander Boerdery, Botha boerdery, Kobus Halliday, SKOMK, Johan Lingenfelder, die Wright, familie ens. Die wins uit die verkoop van die danskaartjies het ‘n welkome R 9270.00 ingebring. Die Wright familie het ‘n speenvarkie geskenk sodat lootkaartjies verkoop kan word.

Vir Deon en sy vrou Marina was dit ook ‘n besonderse geleentheid in die opsig dat dit hul 28ste huweliks herdenking was en die volgende dag het Deon verjaar. Wat ‘n voorreg en mag hulle lank vir mekaar gespaar wees.

Ons het spesiaal vanaf die Kaap gekom om die dans by te woon. Pierre en Tilly het hulle oor ons ontferm en so het ons ‘n “awesome” tyd beleef toe hulle met ons deur die Baviaanskloof gery het, die Montagupas oorgery het en die George area verken het.

Die Erfnistoer is ‘n baie spesiale geleentheid en ons sien uit daarna om dit weer mee te maak.

Lank leef die Oliviers!

# OUDTSHOORN STORAGE

**OUDTSHOORN KLEIN KAROO**

**Kontak:**

Manus Blignault
☎ 044 272 3884
✆ 082 968 3675

**Stoor spasie beskikbaar**:

**Enkel motor huise vir motors.**
**Groter ruimtes vir woonwaens, bote, motorfietse, sleepweantjies, meubels & algemeen.**

**** Gebou toegerus met alarm stelsel & infra-rooi strale ****

**** Gewapende reaksie – Msec Sekuriteit ****

**** Perseel – St Saviour Straat – Reg oor Golf Klub ingang ****

**** Warm Karoo Klimaat ****

**** Maklike toegang vanaf Beaufort Wes – George - Mosselbaai Roete ****

**** Route 62 ****

# Erkenning aan die 2015 Liqourland Erfenistoer Donateurs

## Deur Pierre Olivier

Die 2015 Liquorland Erfenistoer het met n baie suksesvolle fondsinsamelingsdans afgeskop op 28 Maart, 2015. Diegene wat nie daar was nie, het n genotvolle aand misgeloop, maar aan almal wat dit wel ondersteun het, baie dankie, want dit is julle wat die aand 'n sukses gemaak het, en ook verseker het dat ons 'n toer sal aanbied wat nie sal afsteek by die voriges nie.

Ek wil net die borge wat ons met die fondsinsamelingsdans ondersteun het bedank vir hul onbaatsugtige bydraes .
Hulle is**;**

- **Liquorland** vir die Douglas Green tafel wyne **;**
- **Jannie Stander** vir die saal, 'n skaap, koelgeriewe, melk en verwerking van die vleis;
- **Johan & Alet Lingenfelder** van **Letca Vervoer** vir die broodtafel en halwe skaap;
- **Lourens Wright** vir 'n speenvark en hout vir die braaie;
- **Daan Botha**, ook vir n skaap;
- **Ruben en Tilla Wright van Exite Computers** vir drukwerk en geskenkbewyse;
- **Kiewietsvlei boerdery** vir blaarslaai en tamaties;
- **Johan en Julia van der Merwe van Tafeltjie dek** vir die bak van die nagereg;
- **OK Danabaai** vir aartappels; en
- **Danabaai apteek** vir twee geskenkpakke.



Jannie Stander ontvang 'n prys

Ons is trots om met sulke mense en instansies te assosieer.

# Stirling Warm Lug Enjins

## Deur Charles van Zyl

Na my uitdienstreding in 1986 het ek my besig gehou met die restourasie van ou motors (13) en veteran trekkers (7). As nagereg het die bou van Stirling Warm Lug enjins later bygekom. Vandag het ek nie meer ou motors en trekkers nie maar by die woonhuis te 88 Victoriastraat, George staan nog sewe van die 22 Stirling enjins wat ek ontwerp en gebou het. Die res het ek vir familie en vriende gegee.

Toe Pierre Olivier my vra om 'n demonstrasie-praatjie oor Stirling enjins te lewer, het ek Ja gese. Gelukkig het my jongste seun van Port Elizabeth gekom om sy bejaarde pa by te staan.

Nou het Pierre nog my arm gedraai totdat ek ingestem het om iets vir Die Spanner te skryf. Dit laat my dink aan die plaas arbeider wat gese het – "Op hierdie plaas moet jy jou eie kos maak en dit verdomp nog self eet ook".

Die Stirling enjin is een van die kragbronne wat die mens tot sy beskikking het. Dit is egter maar net 'n klein skakeltjie in die kragbron ketting. C.J. Langenhoven het gese "Vat 'n sif – soek een gaatjie uit en spot daarmee". Daarom is dit nodig om na die ander kragbronne ook te kyk ten einde die Stirling kragbron in perspektief te sien.

1. WINDKRAG

Hierdie krag is sterk genoeg om groot seilskepe op die see aan te dryf. Die eerste groot skip – Noag se Ark, was blykbaar net 'n drywende skip – sonder seile of roeispane. Die Ark het net op die vloedwater rond gedryf totdat dit teen die berg Ararat gestrand het.

Die Portugese was blykbaar van die eerste nasies wat met groot seilskepe oor die oseane gevaar het. Hulle het om die suidpunt van Afrika gevaar en in 1513 het hulle die kus van China bereik.

Na die Portuguese het die Hollanders gekom en in 1652 het Jan van Riebeek met die seilskepe Rijger, Goede Hoop en die Drommedaris in Tafelbaai aangekom. Hy het hier 'n verversingstasie gestig en toe het hulle van windkrag gebruik gemaak om koring te maal. Daar was twee sulke windmeulens waarvan net een vandag nog bestaan. Dit is die Mostert Meule in Observatory. Hierdie meule is tans 'n Nasionale Monument.

Seilskepe kan in enige rigting vaar – selfs teen die wind op. Dit is gedoen deur die skip op 'n Zig-Zag koers te stuur.

Tot betreklik onlangs is windkrag op duisende plase aangewend om water uit boorgate te onttrek. Sonpanele neem tans die windpompe se werk oor. Windkrag is ook aangewend om windlaaiers te laat werk, veral in die dae toe daar nog nie Eskom kraglyne en elektriese kragopwekkers op plase was nie.

Tans word windkrag op groot skaal aangewend om reuse windlaaiers op windplase aan te dryf. By Darling in die Wes-Kaap en naby Port Elizabeth in die Oos-Kaap is sulke plase. Hierdie windlaaiers lewer elektrisiteit aan die land se krag-netwerk.

Sweeftuie en "Hang-Gliders" maak van opwaartse lugstrome gebruik om te "vlieg" waar hulle wil wees.

2. WATERKRAG

Water uit bergstrome is voorheen op baie plase aangewend om waterwiele te laat draai. Die waterwiel het 'n meulsteen aangedryf wat koring gemaal het waarmee brood gebak is. Enkele watermeulens het nog op plase behoue gebly.

In die Suid-Kaap is waterkrag ook gebruik om elektrisiteit op te wek. Die water is met pype vanuit bergstrome afgevoer na turbines wat kragopwekkers aangedryf het. By Badplaas naby Barrydale is nog een van die kragopwekkers.

Die primitiewe mense bekend as die Strandlopers het van die hoogwater en laagwater getye van die see gebruikgemaak om hulle van kos te voorsien. Hulle het klipmure in die vlakwater gepak. Met hoogwater het visse, krewe, krappe, seekatte ens. Oor die klipmure gespoel. Wanneer die water weer terug dreineer, het baie van die visse en ander seekos agtergebly en kon die Strandlopers hulle "daaglikse brood" insamel. Etlike van die klipmure bestaan vandag nog.

3. VUURKRAG

Vuurkrag is die eerste keer gebruik toe Simson 300 jakkalse gevang het en hulle met brandende fakkels aan hulle sterte in die vyandige Filistyne se koringlande losgelaat het.
Veldbrande is ook in die verlede aangewend om hase en wildsbokke dood te brand wat dan as voedsel gebruik is.

Die antieke Grieke het Griekse Vuur gebruik om hulle vyande te beveg. Hulle het die litte van lang bamboese uitgeboor en brandende vleistof deur die bamboese gepomp sodat dit verwoesting kon veroorsaak.

In die jaar 1353 het 'n Duitse Monnik met die naam Berthold Swartz buskruit ontdek en toe kon gewere, pistole en kanonne ook teen vyande gebruik word.

4. DIERE KRAG

Vroeër is daar baie meer van die krag van diere gebruik gemaak as vandag. Die donkie of esel is as trekdier sowel as rydier gebruik. Osse het die Voortrekkers die binneland in getrek – selfs bo-oor die Drakensberge. Perde is in oorlogstye sowel as in tye van vrede as trekdiere en rydiere aangewend. Honde is gebruik om roofdiere van veetroppe weg te hou en ook om wild te vang. Valke en arende is deur Valkeniers afgerig om duiwe en ander voels in die lug te vang.

5. SONKRAG

Dit is die grootse en magtigste van al die natuurkragte. Die son produseer 386 Biljoen, Biljoen megawatt per sekonde. Deel van hierdie enorme krag bereik die Aarde. Dit word gratis by ons afgelewer vanaf sonop tot sononder. Alle vorms van lewe is van hierdie krag afhanklik.

Met behulp van sonpanele begin ons nou eers die sonkrag benut om elektrisiteit op te wek. Na bewering is een vierkante kilometre onder sonpanele genoeg op elektrisiteit vir die hele Suid Afrika op te wek. Die vraag is of sonkrag volhoubaar is. Die deskundiges sê nee. Volgens hulle sal die son nog net vir die volgende vyf Biljoen jare skyn – dit wil se vyf duisend miljoen jaar. Dan sal die sonkrag geleidelik begin afneem.

Sonmotortjies het reeds met spesiale vergunning op ons paaie gery. Australie se Solar Impulse vaartuig is reeds besig om op die oseane te vaar en die Switsers het vanaf Switserland na Frankryk met sonkrag gevlieg. Op 9 Maart 2015 het 'n sonkrag vliegtuig vanaf Abudabi vertrek met die voorneme om rondom die aarde met net sonkrag te vlieg.
Dit is betreklik maklik om 'n sonkrag motortjie te bou. Ek het self so een op Sedgefield gebou en daarmee rondgery.

6. STOOMKRAG

Soos reeds gemeld, het die Portugese seevaarders in 1513 die kus van China bereik. Hulle is deur Sendelinge opgevolg. Een van die Sendelinge was Vader Ferdinand Verbiest.

Hy was vanaf 1659 tot die datum van sy dood in 1680 in China. Na sy dood is ‘n beskrywing van ‘n model motortjie wat met stoom geloop het, in sy geskrifte gevind.

Die eerste werklike stoom voertuig was ‘n swaar driewiel artillerie trekker wat deur ‘n Franse Weermag offisier, Nicolas Cugnot vervaardig is. Dit was in 1765. Die voertuig is egter in ‘n botsing met ‘n gebou verpletter nadat Cugnot en ander offisiere sy prestasie by ‘n kroeg gevier het.

In Engeland is ook stoom-aangedrewe padvoertuie vervaardig soos Church’s Steam Coach wat passasiers tussen London en Birmingham vervoer het.

Op spoorbane het stoomtreine vinnig veld gewen soos Thevethicks Engine 1804, Puffing Billy 1814 en Stephenson’s Rocket 1829.

Stoomtreine het voorheen ook in Suid-Afrika ‘n baie groot rol gespeel.

## 7. STIRLING WARM LUG ENGINS

Net soos die eerste stoom motortjie deur ‘n Predikant ontwerp is, so is die Stirling Warm Lug Enjin deur ‘n Skotse Predikant, Eerwaarde Robert Stirling, ontdek. Sy broer, James Stirling, was ‘n ingenieur en hy het die masjien gebou. Die patent is in 1816 geregistreer, maar dit is nie opgevolg nie en so het ander ingenieurs en vervaardigers die mark betree. Daar was bywoorbeeld Lehman, Ericson en Rider in Engeland, Philips in Holland en Heinrici in Duitsland. Almal was egter bekend as Stirling Engins tot vandag toe. Op plase is die enjins gebruik om slypstene, roomafskeiers, wasmasjiene, draaibanke en boormasjiene aan te dryf. In fabrieke en werkswinkels het hulle baie soorte masjiene aangedryf. In stede het Stirling Enjins water na die boonste vloere van hoë geboue gepomp.

Petrol, parafien en diesel enjins het eers later gekom, maar Stirling Enjins was altyd beter gewees en wel in die volgende opsigte:

a) Geen geraas
b) Minder lugbesoedeling
c) Min bewegende dele
d) Baie ekonomies
e) Min smeermiddels
f) Absoluut veilig
g) Kan enige brandstof gebruik – selfs saagsels, mieliestronke, strooi, papier en karton
h) Kan selfs met sonkrag loop

‘n Stirling enjin kan groot wees. Die grootste Stirling is in 1853 deur Ericson gebou. Dit het 300 perdekrag ontwikkel en het ‘n skip van 2200 ton teen 10 knope (ongeveer 17 kilometer per uur) aangedryf.

My eerste kennismaking met die Stirling enjin was in 1999 by geleentheid van die Great Hundred Veteran trekker byeenkoms op Wilfred Mole se landgoed naby Ficksburg in die Oos-Vrystaat. Daar was ook heelwat stilstaande enjins, onder andere ‘n Heinrici Warm Lug Enjin. ‘n Man van Parys (O.V.S) met die naam van Henk Kotze het die Heinrici gedemonstreer. Die enjin het absoluut geluidloos geloop. Onder die enjin se voetstuk het ‘n klein gasvlammetjie gebrand maar ek kon glad nie verstaan hoe dit moontlik was vir die enjin om met soveel krag en spoed te hardloop nie. Daar was geen teken van enige stoom of uitlaat gasse nie.

Henk het probeer verduidelik maar dit het nie sin gemaak nie. Ek sê toe vir hom dat ek die volgende dag terug na George sou gaan, maar ek sal nie kan slaap voordat ek die geheim van die Stirling Enjin kan verstaan nie. Hy skryf toe my naam en adres neer en belowe om vir my verdere inligting vanaf Parys te pos.

‘n Paar weke later ontvang ek ‘n brief waarin Henk my aanraai om James Rizzo se boek “The Stirling Engine Manual” vanuit Engeland te bestel. Saam met posgeld, het dit my R130 gekos.

Die boek het nie alleen verduidelik hoe die Stirling enjin werk nie, maar ook hoe om hulle te bou. Gelukkig het ek draaibanke, boormasjiene en sweistoestelle gehad en toe het ek begin bou – kleintjies, grotes, vinniges en stadiges. Die eerste een het teen ongeveer 300 omwentelinge geloop en die tweede het ongeveer 600 omwentelinge per minuut behaal.
Stirling warm lug enjins loop net met lug. Dieselfde lug wat ons gedurig in en uit asem. Die verskil is net dat die Stirling se lug oor en oor gebruik word want die lug is binne in die enjin vasgekeer en kan nie ontsnap nie. Die vasgekeerde lug word om die beurt verhit en afgekoel. Warm lug sit uit en oefen druk op ‘n suier (piston) uit. Die afgekoelde lug krimp in en suig die suier terug en so draai die vliegwiel van die enjin.

Een van my enjins is ontwerp om met die minste temperatuur verskil te loop. ‘n Paar blokkies ys onder sy voetstuk is genoeg.

Het die Stirling enjin ‘n toekoms? In sy huidige vorm waarskynlik nie, maar in ‘n nuwe gedaante naamlik die Stirling Kwasi Turbine is daar ontsaglike moontlikhede. Miskien skryf ek eendag weer iets hieroor.

# Uitstappie na Totties Kontreikmbuis vir 'n Sondagmaal Duisend

## Deur Gerhard Hoepfner

'n Groepie van 23 mense het op Sondag,, 3 Mei, by Totties middagete gaan geniet. Ons het van die Sasol garage op die N2 vertrek, en as gevolg van 'n kommunikasie gaping, het die stiptelikes oorgenoeg tyd gehad om 'n lekker koffietjie by die Kontreiwinkel te geniet. Marian, eienaar van Totties het ons hartlik verwelkom en ons het 'n smaaklike buffet ete gehad. Die ouwêreldse tuin en die interessante dekor maak Totties 'n baie interessante bestemming.



Ons was bly dat Cronje Hanekom goed genoeg gevoel het dat hy en Curly weer by ons kon aansluit. Jan Du Rand en Janie het van so vêr as Stormsrivier gery om die dag saam met ons te geniet. Ons wens hulle ook alle sterkte toe met die operasies wat voorlê. Jan en Anita Wright het met hulle Morris van Danabaai gekom, Kobus en Fienie Halladay in 'n Ford Granada en George Marx en Mariette met hulle gaste in 'n Anglia. So terloops, George sal moet uitkyk vir 'n Volkswagen Kombi om sy vriendinne te vervoer. Pierre en Tilly Olivier, die spoedvraate, het by al die ouvoertuie verbygejaag in hulle vuurwarm blou Morris, selfs Gerhard kon nie byhou nie. Krige en Esme Bolton hou defnitief van tegnologie, want hulle het dié wêreld ingekleur met Esme se netjiese rooi Alfa. Die gaste het die kuier en ete geniet op die pragtige herfsdag, so dit is defnitief 'n "doenweer" uitstappie.

# GOLDEN OLDIES & CLASSICS

*on show* at

# WATERFALL MALL

## RUSTENBURG

## 16 JUNE 2015 • 08:00 ~ 13:00




WATERFALL MALL

Entrance Fee:

| | |
|---|---|
| Adults | R30 |
| Scholars | R15 |
| Under 12's | FREE |

GOLDEN OLDIES GOUE OUES RUSTENBURG

Hosted by the Rustenburg Golden Oldies Club • Philip Mostert ~ 083 236 8140

# Classifieds

Ford Fairlane/Fairmont GT/Ranchero workshop manual. R280.  1956 Chevrolet passenger Car workshop manual. R380. Phone Gray Lippert 0722289919.

Ek sal graag wil uitvind waar mens in kontak kan kom met mense wat "outydse" motors uithuur, bv. vir 'n matriek afskeid, in George omgewing. Rozanne Steyn 082 88 44 235



1966 International 1100 bakkie. Single cab. Running. Licenced with papers. Restorers dream. R22000.  Gray Lippert 0722289919.

Oldsmobile. 1959. Blue. R 50 000.00. Complete, but needs to be restored.
Mandy Fick 083 306 2331

# On The Lighter Side



# Hershey Swop Meet

## Deur Jacques Pienaar

Die ding van om die "Hershey Swop Meet" bywoon maal al vir 'n paar jaar in my kop. Ek het al in die verlede 'n paar ouens hieromtrent genader, maar sonder sukses. Aan die begin van die jaar opper ek die idee aan my vriend Neville Kehl, van Kehl's Upholsterers in die Kaap, en onmiddelik se hy ja – kom ons gaan! 'n Hele klomp reëlings volg – visums vir VSA en Engeland - verblyf – vlugroete en kaartjies ens.

Op Saterdag, 4 Okt vertrek ons vanaf Kaapstad na Johannesburg – Heathrow (Engeland) – Philidelphia (VSA). Die vlug is lank maar draaglik.

Vanaf Philidelphia na Harrisburg ry ons met 'n gehuurde kar – verkeerde kant van die pad, maar ons kom reg!

Die Swop Meet is 4 dae lank – almal met wie ek oor die Swop Meet gepraat het sê dit is groot, maar ek het nie in my wildste drome gedink dat dit so groot sou wees nie. Die eerste dag by die ingangshek, sê die beampte daar dat indien ons al die stalletjies wil besoek ons 35 myl te voet sou moet aflê. As jy weet waarna jy soek is die kans 99% dat jy dit sal kry.Op dag 1 kry ek omtrent 50%van die parte op my lys. Onder andere hubcaps en speedo vir die 1930 Model A Woody.

Dag 2 – bande vir die '34 Chev. Dag 3 – hubcaps (nuut) vir die '34 Chev en "radiator surround" vir Model A. Op Dag 4 – die boek "35 Years of Chevrolet".
Ek het op 'n stadium vir Neville gese ek wil nou nie meer Model A en T Ford parte sien nie! Net te veel!

Daar is  nie net parte te koop nie, maar ook seker niks minder nie as 'n 100 ou klassieke motors.

Ek en Neville het gou besef dat daar nie plek vir al ons parte in ons bagasie sal wees nie en ons 'n ander plan sal moet maak. Neville kontak  toe 'n ou skoolvriend wat nou al 17 jaar lank in Amerika woon, en na die Meet neem ons dit na hom in Washington DC. Ons bly 2 nagte daar by hom oor en hy gaan wys ons toe ondermeer die "Withuis" en al die Amerikaanse parlementsgeboue.

Gans te gou was ons besoek aan die VSA verby en was dit tyd om weer op die vliegtuig te klim terug huistoe – maar oppad terug vertoef ons nog eers 2 dae in Engeland en ry met die "rooi bus" deur London.

Daarvandaan weer lughawe toe en terug na Suid-Afrika.

Wat 'n onvergeetlike tyd!!

# Het jy geweet?

**<u>1903</u>**

Die eerste uithou wedren van Kaapstad oor Sir Lowrys pas tot in Houwhoek word deur S. Benjamin in 'n De Deon gewen.
Die eerste ernstige motorongeluk in SA vind in 1903 plaas. Charles Carlick en twee vriende in 'n 24 pk Darracq word deur 'n trein getref in Maitland.

**<u>1904</u>**

Henry Ford breek die wereldspoedrekord met 'n snelheid van 146 km/h
Die Rolls Royce motormaatskappy word in Engeland gestig.
Algemene handelaars verkoop petrol @ ₤1:10s per drom aan die kus.

***<u>Inligtingsbron :- S.A. in die 20 ste eeu.</u>***

LIQUORLAND
YOUR ONE STOP LIQUOR SHOP
www.liquorland.co.za

# SAVVA Technical Tip # 95

## Painting under windscreen rubber


We are often faced with painting under the windscreen rubbers when repainting a car and if not done properly it looks terrible. The answer is to remove the screens altogether, which on older cars invariably means replacing the rubbers – if they are available that is.

Here is a tip sent in by our painting guru from Cape Town, Alf Dolt:

*When respraying a car removing the glass is for one reason or another not always an option. Usually the rubber seals are masked, the car resprayed and when the masking tape is removed an unsightly ridge of paint forms as the paint lakes against the rubber seal.*

*This can be avoided as follows:*

*Lift the tip of the rubber seal up and push a piece of string (+/- 3mm) under the rubber right around the glass. This effectively holds the rubber away from the body as illustrated. Mask the rubber seal and spray area. In this way the paint is applied under the rubber. When dry remove the masking tape, then very carefully remove the string so as not to damage the rubber, which will then settle on top of the new paint giving a perfect finish without an unsightly ridge.*



# SAVVA Technical Tip # 96

## Work benches

Recently faced with an engine rebuild and having a back that is not too happy being bent over for hours at a time, I decided to see if there was an alternative work bench that was a bit higher than my current ones, which incidentally, are 75cm's (30inches) and 80cm's (33 inches) high. I needed something a bit higher so that I could stand upright and work without bending over the whole time. The local garage proprietor showed me a "portable bench" he had built up many years ago for the same purpose, which he uses daily. It was so simple. I built a similar one except I used wood on the top whereas he used metal. Not only is it higher at 100cm's (39inches) but has casters so I can move it around. It has turned out to be one of the most useful "tools" I have. Apart from using it inside the garage, it also goes outside for painting bits and pieces.

As one can see mine is an "El – Cheapo" model made mainly out of 4 x 4 and 5 x 3 cm square section tubing with a piece of 4cm thick kitchen counter on the top. The casters are 10cm. All the materials were readily available at very modest prices. The table top cost a few Rand and came from a kitchen cupboard supplier who was only too glad to get rid of this piece and even cut it to size for me. The square "tubing" came from a local hardware store. The total cost of the bench was about R300.00 and is a very worthwhile investment.



# Trippie na Meiringspoort Sondag 19 April

## Deur Pierre Conradie

My voorbereiding het al vroeg Saterdagoggend begin toe ek my 1962 Studebaker Gran Turismo Hawk by die spoorweg museum gaan haal het en omtrent die res van die dag daarop gespandeer het om seker te maak die ou dame gaan my nie in die steek laat nie. My vrou, Ria, was veral baie sensitief hieroor, want die afgelope paar maande moes sy al 'n paar keer help om een van my ander Studebakers te stoot nadat dit gaan staan het. Studebakers word nie verniet "stoot die bogger" genoem nie.



My grootste probleem was om ‘n baie ou elektriese probleem te herstel wat veroorsaak het dat die ruitveëers, temperatuur meter en flikkerligte net werk wanneer hulle wil. ‘n Bietjie raad hier: moenie op ‘n lang rit gaan as jy nie vooraf alles deurgegaan het nie. Die duiwel het die gewoonte om sy kop uit te steek wanneer jy dit die minste verwag. Neem ook die nodigste gereedskap en onderdele saam soos ‘n verdeler dop, stel punte, rotor, kondensator, petrol pomp, spoel, toetsliggie, kort stukkie elektriese- en staaldraad, die belangrikste ring- en soksleutels, tang, 'n paar skroewedraaiers en 'n flitslig. Maak ook seker dat daar 'n domkrag en 'n wielsleutel in die kattebak is.



Sondagoggend het ek baie vroeg opgestaan en al my Studebaker klere aangetrek (baie belangrik vir die"image") en seker gemaak ek vergeet nie van die klub naamplaatjie nie. Daarna het ek en Ria vir Maritz en Magda Stander gaan optel vir die trippie. Ek was baie benoud toe ek net voor agt by die Engine garage aankom en niemand anders daar sien nie. Kort daarna het George Marx met sy Morris en Danie Terblanche met sy Citroen 2 CV darem opgedaag. Mike Alexander het later ook opgedaag om net morele ondersteuning te gee, want hy kon nie sy kar betyds reg kry nie. Hy het darem gesê dat die mense van die Mosselbaai omgewing, Beaufrot Wes en Prins Albert van ander vertrekpunte na Meiringspoort sal ry. Sjoe!, dit het darem gelyk asof daar meer as drie karre gaan wees.



Die swaar vrag van Ria, Maritz, Magda en al die spaar onderdele het sy tol teen Outeniqua pas begin eis toe die agterbande teen die bak begin druk het deur die draaie. Ek het die passasiers gevra om van die een kant van die kar na die ander kant te skuif deur die draaie soos wat die ouens op die syspanmotorfietse doen, maar dit het nie gehelp nie. Omdat die probleem groter was deur lings draaie, het ons maar begin bid dat daar nie baie sulke draaie na Meiringspoort gaan wees nie.



Toe ons in Meiringspoort aankom was die verrassing groot toe daar alreeds baie ander karre was en die mense al rustig rondom die braaiplekke gesit het. Dit was 'n heerlike sonnige dag en ons het in die koelte van die doringbome gesit en natuurlik baie gesels oor ou karre en tot 'n mindere oor resepte en die dinge wat die vrouens raak.

Danie Terblance het sy twee kleinkinders baie geniet wat saam met hulle ouers spesiaal deurgekom het vir die dag. Brian Zechlin, die “burgemeester” van Beaufort Wes, het saam met die mense van Prins Albert deurgekom wat dit amper 'n nasionale byeenkoms gemaak het, en dit was lekker om na die stories van daaronder te luister. Daar was baie mooi karre en jy kon jou verlustig aan die tegniese aspekte daarvan en die verduidelikings van hoe dit gerestoreer was. Na ‘n lekker gebraai en matige gebruik van die voggies en baie, baie gesels, het ons opgepak om die terugtog aan te pak.



Voor dit was daar ‘n klein fondsinsamelinkie deur Pierre Olivier om die werkers by die toilette (wat baie skoon en mooi instand gehou word) te bedank vir die diens wat aan ons deur die dag gelewer was.  Ek het een werker hoor sê dat hulle vandag die jackpot geslaan het.

Die rit terug na George was sonder probleme en om die ou dame se bene weer te rek was pure plesier.  Ek het my passasiers gevra om toilet toe te gaan voor ons ry en dus was daar nie weer bande wat teen die bak geskuur het nie.



Maak seker julle maak ‘n plan om volgende jaar saam te gaan.

# ‘n Geurige Winter

## BOONTJIESOP MET BILTONGKLUITJIE

**Vir 8 - Voorbereityd 10 minute plus weektyd oornag. Gaarmaaktyd 2 uur. Dié dik, outydse boontjiesop is net wat jy nodig het as jy op ’n koue aand voor ’n kaggelvuur sit.**



**JY BENODIG:**
olyfolie of botter vir braai
1 groot ui, gekap
2 knoffelhuisies, fyngedruk
2 selderystingels, gekap
500 g gerookte varkskenkel, aan die been
500 g beesvleissopbene
2 groot wortels, gekap
2 koppies suikerbone, oornag geweek
4-6 koppies water
1 eetlepel droë origanum
1 blik tamatiepuree (410 g)
2 blikkies (410 g) gekapte tamaties
1 blokkie beesvleisekstrak

**VIR DIE KLUITJIES**
¾ koppie koekmeel
1 eetlepel mieliemeel
1½ teelepels bakpoeier;
50 g biltongpoeier; 1 eetlepel botter; ½ koppie melk; 1/3 koppie pikantrissies, fyngekap.

**SO MAAK JY:**
Verhit die olie in ’n groot swartpot of swaarboomkastrol en braai die uie, knoffel en seldery daarin sag. Voeg die vleis en wortels by. Spoel die geweekte bone goed af en voeg dit by die vleis. Bedek dit met 4 koppies water, verhit dit tot kookpunt en laat dit dan vir ongeveer 90 minute met die deksel op prut. Voeg die res van die bestanddele by en laat die sop vir nog ’n halfuur prut, of totdat die bone sag is en die vleis van die been afval. Voeg nog water by, indien nodig, en geur die sop met sout en peper. Maak die kluitjies: Meng al die droë bestanddele saam, vryf die botter daarby in en meng dan die melk en pikantrissie deur tot gebind. Verhit die sop weer tot by kookpunt en skep rondvol lepels deeg daarin. Verlaag die hitte en laat dit vir 10 minute met die deksel op oor baie lae hitte prut – dit moenie weer kook nie.

Bron: Weg / RESEP ALETTA LINTVELT FOTO MYBURGH DU PLESSIS
Plasing: Rista Greyvenstein / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK

# ‘n Geurige Winter

## KARRINGMELK BROOD

750 ml (3 k) koekmeel
60 ml (¼ k) semels
15 ml (1 e) bakpoeier
500 ml (2 k) karringmelk
30 ml (2 e) water
1 eier, geklits
15 ml (1 e) gedroogde gemengde kruie of gekapte vars pietersielie
2,5 ml (½ t) sout
125 ml (½ k) gerasperde cheddarkaas
knippie paprika om bo-oor te sprinkel





METODE
1. Voorverhit oond tot 180 °C en smeer ‘n 1,5 liter-broodpan of 4-6 leë blikkies met sonneblomolie.
2. Meng al die bestanddele saam, behalwe die helfte van die kaas.
3. Skep mengsel in broodpan en sprinkel met orige kaas en paprika.
4. Bak 30-45 minute of tot ’n toetspen skoon uitkom. Kleiner broodjies sal ongeveer 20 minute bak, maar toets hulle ook met ’n toetspen. Keer uit en laat afkoel op ’n afkoelrak.

Wenke:
1. Bak die brood as muffins vir kosblikke as die kwartaal weer begin. Voer 12-holte muffin-pan met papierkoppies en bak 15-20 minute.
2. Die brood is lekker as roosterbrood die volgende dag – as daar enige iets oorbly!

Bron: RSG RESEPTE
Foto: Joey Kruger
Plasing: Henriette WEssels / WATERTAND RESEPTE VIR OUD EN JONK

# Interesting Facts

## The Lamborghini Story




During WWII, Ferruccio Lamborghini was a young mechanic in Italy's Royal Air Force. Following the war, the enterprising young man capitalized on all the spare military equipment lying about, converting it into farm tractors. Business took off and Lamborghini was soon a rich man, able to pursue his love of sports cars. His collection included Maseratis, Aston Martins, and Ferraris.

This latter brand caused Lamorghini considerable annoyance. He loved his Ferraris, but they had several mechanical issues. Particularly troublesome was the tendency for the clutch to burn out. Examining the problem, Lamorghini found them to be the same clutches he used to operate his tractors. He aired his grievances to Enzo Ferrari himself, who dismissed him out of hand as a simple tractor builder. Insulted, Lamorghini decided to make his own cars.

Automobili Lamborghini was formed in 1963 and began producing cars by the mid 60s. Most of these elite supercars were named after bulls, as Ferruccio was obsessed with the sport of bullfighting. Business declined in the 1970s, and Lamborghini sold off his interest in the company after the calamity of the 1973 oil crisis. Today, the brand is owned by the Volkswagen Group.



HOUSE OF CLASSIC & SPORTS CARS

Sales: 082 566 7897 / 081 325 1507
email info@hocasc.co.za
www.hocasc.co.za

**Our Showroom/Workshop is at 70, Main Road, Knysna (N2)**
We buy & sell all makes of classic, sports & vintage cars. Consignment sales welcome.



1972 MGB Roadster – R115 000



1939 Hillman Minx – R85 000



1955 Citroen – R88 000



1954 Opel Kapitan – R88 000



1998 Ford Ranchero – R130 000



1979/80 Fiat X1/9 – R95 000

**We also have a variety of beautiful motorcycles on offer including…**



2008 Harley-Davidson Screamin' Eagle – POA



1930 Ariel 500cc R210 000



1929 Ariel 557cc R210 000



2005 Harley-Davidson Street Glide – R85 000



**1936 Cadillac 75 Fleetwood V12**

Rarely does one find a car of this vintage in such beautiful shape. Solid and reliable, this magnificent vehicle has no rust, runs well and is in 100% original condition.

- POA –





HOUSE OF CLASSIC & SPORTS CARS

Sales: 082 566 7897 / 081 325 1507
email info@hocasc.co.za
www.hocasc.co.za

# WANTED: All Makes & Models Vintage, Classic & Sports Cars and Motorcycles.



Austin Healeys

We...

- Urgently need new stock.
- Sell on consignment.
- Travel the country to view.
- Will get you the best price possible.
- Assist you with transport.



Mercedes-Benz SL's



All MG's



Porsche 356/911's



Vintage/Post Vintage



Ford Mustangs

## Some of the beautiful vehicles we have right now...



2006 BMW 330 Ci Cabriolet
R258 000



1936 Ford Roadster
R388 000



1958 MGA Hard Top
R188 000



1971 Triumph Spitfire
R70 000



1926 Buick Phaeton
R488 000



1948 Chrysler Windsor
R160 000



1993 Mercedes Benz 500SL
R198 000



1941 Chevrolet Truck
R295 000

**Our Showroom/Workshop is at 70, Main Road, Knysna (N2)**
**We buy & sell all makes of classic, sports & vintage cars and motorcycles.**
**Consignment sales welcome.**